# Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: (015) 307 1308 (Santi Roos) Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

---

## Junior 1 kursus

Opleiding in die jagkuns is vir elke voornemende jagter van die grootste belang ten einde die jagveld op `n verantwoordelike wyse te betree. Daarom is opleiding een van die sake wat by die Bosveld jagters- en Wildbewaringsvereniging hoë prioriteit geniet

Die Letaba tak bied dan, met hierdie doel in gedagte, weereens `n Junior 1 kursus aan. Dit beloof om soos in die verlede `n geleentheid te wees te wees wat beslis nie misgeloop mag word nie.

Die volgende reëlings is ter sake:

**Waar word dit aangebied?**
Die kursus word op `n wildsplaas naby die Hoedspruit aangebied

**Waneer word dit aangebied?**
Ons vertrek Vrydag 27/03/09 om 14:00 vanaf Laerskool Tzaneen in Agatha straat by die busstop na Laerskool Dr. Anneke voor die skool saal ( 14:30) om leerlinge van Letsitelle op te tel, waarna ons na die kampplek sal gaan en ons sal weer die leerlinge Sondag 29/03/2009 om 13:00 by Dr Anneke en 14:00 by laerskool Tzaneen aflaai op dieselfde plekke.

**Wat behels die kursus?**
Tydens hierdie kursus word interressante vakke in die veld aangebied oor fasette van jag en natuurlewe, soos kamphigiëne, noodhulp, skoot plasing, & vitale organe, jagmetodes, jaghulpmiddels, etiek, spoorsny, wapen veiligheid, ballistieke, skyfskiet, diere identifikasie, boom identifikasie, slag, trofee meeting, karkas verwerking, natuurbewaring, wetstoepassing, oorlewing, en habitatstudie.

**Wat is die koste verbonde aan die kursus?**
Die kursusgelde beloop R500.00 per persoon

**Wie kan die kursus meedoen?**
Seuns en Meisies vanaf graad 5 tot 7 kan die kursus bywoon.

**Wat moet saam geneem word?**

1. Bybel, notaboek en skryfbehoeftes
2. Warm klere vir die aande, sowel as gemaklikke koel klere om bedags in die veld te dra
3. Skoene en kouse waarmee gestap kan word in die veld

Voorsitter (Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391 Ondervoorsitter Admin (Hansie Botha) Tel: 083-290 0738
Sekretaris (Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599 Ondervoorsitter Opleiding (Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114
Tesourier (Rob du Plessis) : Tel: 082-856 6000 Sekretaresse : Stephanie van Vuuren Tel: 015 306 2307

4. Hoed vir die son.
5. `n Slaapsak, kussing en kombers.
6. Boord, beker, lepel, mes en vurk.
7. Flits.
8. Toilet benodighede. (insluitend witgoud)
9. Medikasie met instruksies vanaf ouers soos vir allergie, asma, ens.
10. Knipmes of jagmes

Onthou dat ons na afloop van die kursus `n praktiese Junior 2 kursus aanbied waar die kursusgangers dan hulle vernuf sal bewys in die veld met die jag van `n Rooibok. Die kursus sal plaasvind vanaf 26/06/2009 tot 30/06/2009.

Namens die BJV wil ek u as ouers bedank dat u die kans aangryp om u kinders op die Junior kursusse te stuur om meer van `n leefwyse, sport en tradiesie te leer wat onder baie druk is van die regering. Ons as BJV probeer dat dit behoue bly. Van ons kant kan ons u ook help om maklikker `n jag wapen te kan besit deur Toegewyde jagter status te bekom en as u kind die status bekom kan hy `n jagwapen op sy naam lisenseër voor die ouderdom van 21 jaar. Die status word verkry deur die CHASA bekwaamheids kursus en `n CHASA skiettoets suksesvol af te lê en dan moet u drie BJV aktiwiteite bywoon of bewys lewer van drie jagte elke jaar. Die CHASA kursus word ook aangebied vanaf 27/03/2009 tot 29/03/2009.



**C. H. Buitendag**
**BJV Letaba Onder Voorsitter**
**Opleidingshoof**